education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# VISUELE KUNSTE

# EKSAMENRIGLYNE

# GRAAD 12

# 2009

**Hierdie riglyne bestaan uit 8 bladsye.**

# VISUELE KUNS

## INLEIDING

Die nuwe Nasionale Kurrikulum het 'n hele aantal uitdagings vir onderwysers en leerders gebring. Die eerste Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)-eksamen van 2008 was 'n nuttige instrument om die manier waarop onderwysers die veranderinge t.o.v. die praktiese vereistes van die nuwe kurrikulum ontvang en daarop gereageer het, te meet. Hierdie Visuele Kunste-eksamenriglyn is saamgestel in rekasie op die bevindinge van die eerste Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen en behoort onderwysers te lei in hulle voorbereidings vir die 2009 eksamens en daarna.

**PRAKTIESE VRAESTEL 2**

**AFDELING A EN B**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Die eksamenvraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.

Die finale praktiese kuns-eksamen vir Graad 12 verteenwoordig die hoogtepunt van die kunsstudies deur die jaar.

**AFDELING A: EKSAMENBRONBOEK/-WERKBOEK LU1**
**[Dit mag by die huis en die skool tydens termyn 3 voltooi word.]**

- <u>Die onderwyser kan die leerders **lei** in hulle keuse van onderwerpe en tegnieke in Afdeling A gebruik.</u>

- Alle PAT's 1, 2 EN 3 moet deur **foto's/tekeninge** gedokumenteer word en voor in die leerder se eksamenbronboek/-werkboek geplak word. **['n Minimum van 2 bladsye.]** Daar word voorgestel dat die leerders hul PAT's in die vorm van 'n uitstallingsbrosjure aanbied. [LU 3]
- **<u>GEEN JAARWERK MAG NA NASIENLOKALE/EKSAMENSENTRUMS IN PROVINSIES GESTUUR WORD WAT KLUSTER-MODERERING DOEN NIE.</u>**
- Die eksamenopdrag moet voor in die eksamenbronboek/-werkboek geplak word.
- Die leerder moet 'n geskrewe voorstel/intensie/motivering van sy/haar bedoeling in hierdie eksamen skryf **[minimum van 1 bladsy]**.
- Moedig leerders aan om soveel as moontlik verskillende interpretasies te ondersoek. Moniteer die leerders soos hulle die tema navors in die vorm van lewenservaring, tekeninge van die lewe, oorspronklike foto's, beelde uit tydskrifte en koerante, gedigte, lirieke, gevonde voorwerpe, ens. **[minimum van 4 bladsye van bronmateriaal]**.
- Moedig leerders aan om hulle eie foto's te neem waar relevant/moontlik.
- Hulle bronboek moet bewyse toon van voorbereidende komposisiesketse, sketse met byskrifte en navorsing gebaseer op hul onderskeie bronne. Dit is belangrik dat hulle die bronne hulle eie maak deur dit te skets, jukstaplasings daarvan te beplan en oorspronklike komposisies te skep.
- Die leerder moet **TWEE** komposisietekenige, collages of assemblages voltooi.
- Geskrewe/getikte verduidelikings, notas/foto's, ens. moet in die eksamenbronboek ingeplak word om bewys te lewer van die leerder se prosesse en vordering.

- By die voltooiing van AFDELING A en AFDELING B moet die leerder skriftelik reflekteer oor hoe hy/sy deur die eksamenproses gevorder het.
- Gebruik die volgende assesseringskriteria as 'n kontrolelys.

**AFDELING A: BRONBOEK/WERKBOEK**
VOORBEELD VAN KONTROLELYS

| **KRITERIA** | | |
|---|---|---|
| Voorstel/Intensie/Idee | √ | 5 |
| Ondersoek van benadering(e) en idee(s) | √ | 10 |
| Twee komposisietekeninge/collages/assemblages | √ | 10 |
| Reflektiewe rapportering by voltooiing van taak | √ | 5 |
| Aanbieding en geheelindruk | √ | 20 |
| **TOTAAL** | | **50** |

**AFDELING B: FINALE PRAKTIESE TAAK LU2, LU3 ['n minimum van 6 ure en 'n maksimum van 18 ure]**

**Die eksamenwerk moet in die teenwoordigheid van jou kunsonderwyser(es) in die kunsklas voltooi word. Geen eksamenwerk mag nie uit die klaskamer geneem word nie. Dit sal as 'n eksamen ongerymtheid beskou word.**

- Jy as 'n onderwyser(es) kan leerders **met diskresie lei** in hulle keuse van onderwerpe, prosesse en tegnieke in Afdeling B gebruik.

- **AFDELING B** sal op die rooster van die Graad 12 finale eksamenprogram in die vierde kwartaal geplaas word. Skole mag aansoek doen vir 'n verandering van eksamen datums/tye deur 'n skriftelike versoek aan hul provinsiale department te maak.
- Daar word van leerders verwag om **EEN** kunswerk te produseer **IN DIE PRAKTIESE DISSIPLINE/S WAT HUL HIERDIE JAAR ONDERSOEK HET**.
- Hul finale kunswerk kan die vorm van 'n enkele stuk of die vorm van 'n diptiek, triptiek of reeks van werke wat as een werk gesien word, aanneem.
- Die leerders word **nie beperk t.o.v. grootte nie,** maar dit moet 'n substansiële liggaam van werk wees wat ten minste 6 ure en nie meer as 18 ure verteenwoordig nie.
- Die leerders moet 'n gevorderde graad van tegniese vaardigheid demonstreer in die gebruik van materiale en tegnieke gekies.
- Daar is geen spesifieke instruksies t.o.v. die styl van die werk nie. Die leerder kan naturalisties, ekspressief, dekoratief, abstrak, ens. werk. Of hulle mag ander media insluit om gemengde media werk in enige van die praktiese dissiplines te skep.
- Kunswerke wat die kunsklas/skool verlaat soos in die geval van gietwerk, vuring van klei-beeldhouwerk, digitale druk van foto's, ens. moet noukeurig deur die kunsonderwyser(es) gemonitor word deur dit uit te teken en weer in te teken by terugkeer na skool.

## AFDELING B: DIE KUNSWERK

VOORBEELD VAN ‘n KONTROLELYS

| **KRITERIA** | | |
|---|---|---|
| Keuse en gebruik van materiale/tegnieke | √ | 10 |
| Gebruik van formele elemente | √ | 10 |
| Geheelindruk – oorspronklikheid, kreatiwiteit, innovering | √ | 10 |
| Interpretasie en praktiese toepassing van navorsing | √ | 10 |
| Voltooiing van kunswerk/tydsbestuur/aanbieding | √ | 10 |
| **TOTAAL** | | **50** |
| **GEKOMBINEERDE TOTAAL** | | **100 (verwerk na 50)** |

**<u>Finale punt</u>**
**AFDELING A (50) plus AFDELING B (50) = 100 (verwerk na 50)**

**LET WEL: As leerders fotografie as hul gekose dissipline gekies het, moet die volgende riglyne gevolg word:**

**TRADISIONELE FOTOGRAFIE**

- Skep ‘n groep van ten minste **VYF** verskillende nat [tradisionele] foto’s.
- Swart en wit of kleur
- Ontwikkeling van beide die film en negatiewe moet deur die leerder onder toesig van die kunsonderwyser(es) gedoen word.
- Alle kontakafdrukke, toetsstrokies en verslag van die proses moet in eksamen-bronboek geplaas word.
- Finale afdrukke moet apart gemonteer word op swart, wit of grys karton en óf in die bronboek geplak word óf in ‘n lêer geplaas word, indien te groot vir bronboek.
- Die finale afdruk grootte moet 20 cm x 25 cm, of groter wees.

<u>Assessering sal in ag neem:</u>
1. Interpretasie en kommunikasie van konsep
2. Komposisie van prentelemente
3. Tegnieke en afdrukkwaliteit

**DIGITAAL**
- Skep ‘n groep van ten minste **VYF** verskillende oorspronklike digitale afdrukke. Hulle mag slegs aangewerk/verarander word by die skool.
- Digitale afdrukke moet ten minste A4 in grootte wees en gedruk op fotografiese papier of doek, ens. wees.
- Hulle digitale beelde moet op ‘n skyf geplaas word en voor in die bronboek geplaas word.
- As die leerder ‘n skyf of video-opname van die program inlewer, moet die titel, leerder se naam, eksamennommer en naam van sentrum op die skyf en die begin van die program verskyn.
- Die bronboek ondersteunende inligting moet saam met die finale werk ingelewer word en moet insluit:

1. Die program gebruik bv. Adobe Photoshop 7 etc, die lengte en beperkings van die program/me.
2. Inligting oor die skandering van beelde, die bron van die beelde, ‘n seleksie van gegewe beelde en/of verandering van beelde bv. “morphed” van oorspronklike beeld.
3. Die leerder moet verduidelik hoe hulle beelde gemanipuleer het bv. veranderinge aangebring, filters gebruik [“distort, noise, render, sketch…”] ens.
4. Die leerder moet die bron van beelde aandui, bv. bestaande beelde, hand-getekende beelde of ‘n kombinasie van beide.

<u>Assessering sal in ag neem:</u>
1. Interpretasie en kommunikasie van konsep. Hulle werk moet ‘n hoë graad van oorspronklikheid en sterk kreatiewe kwaliteite reflekteer.
2. Leerder se vermoë om die geselekteerde program toepaslik en met vertroue te hanteer.
3. Kwaliteit van ontwerp: die leerder moet in staat wees om goeie komposisies te skep.

**LEERDERS MAG BEIDE TRADISIONELE EN DIGITALE FOTOGRAFIE IN HUL FINALE EKSAMEN KOMBINEER.**

## ASSESSERING VIR PRAKTIESE WERK (VOO)

| | | |
|---|---|---|
| **Uitstaande** | 90 – 100 | Uitsonderlike vermoë, rykheid: insigvol: vloeiend: hoë vaardigheid: waarneming en kennis kragtig uitgedruk: ondersteun deur 'n oorspronklike of ongewone keuse van relevante visuele verwysings **Uitstaande en oorspronklike aanbieding**. |
| **Uitstekend** | 80 - 89 | Treffende impak: meeste van bogenoemde: gedetailleerd: goed georganiseer en koherent: afgewerk: vaardighede sigbaar: ondersteun deur 'n oorspronklike/ongewone/ relevante visuele verwysings: aanbieding is oorspronklik en deurdink: **sommige klein gebreke sigbaar.** |
| **Baie goed** | 70 - 79 | Goed georganiseerd, soos hierbo, maar sonder die 'gloei en sprankel': goeie vlak van bevoegdheid en keuse van inhoud: ondersteun deur 'n goeie keuse van relevante visuele bronne: duidelike sorg en moeite gedoen vir oorspronklike aanbieding: **sommige duidelike ongelykhede/foute sigbaar.** |
| **Goed** | 60 - 69 | Interessante visuele aanbieding: duidelike bedoeling: oortuigend: eenvoudige direkte gebruik van medium: toon begrip maar neig na die gewone en stereotipiese oplossings by tye: genoegsame keuse van relevante visuele bronne; redelike moeite gedoen met**: afleibare/duidelike ongelykhede.** |
| **Gemiddeld** | 50 – 59 | Genoegsaam: voel meganies: afgelei of gekopieer: min insig: verbeeldingsloos: sommige visuele verwysings nie altyd duidelik geïdentifiseer nie: aanvaarbare aanbieding: **baie afleibare ongelykhede.** |
| **Onder gemiddeld** | 40 – 49 | Genoeg materiaal/werke om te slaag: nie logies gekonstrueer nie: sommige flitse van insig: beperkte keuse van inligting: swak tegniese vaardighede mag 'n bydraende faktor wees: min gebruik van visuele inligting: lomp of nalatige aanbieding: **benodig ondersteuning/motivering om te slaag.** |
| **Swak** | 30 – 39 | Visueel oninteressant: onkreatief: beperkte/swak tegniese vaardighede gebruik: min poging om inligting op 'n aanvaarbare manier aan te bied: min of geen visuele inligting/verwysing. Algemene gebrek aan betrokkenheid: **benodig ondersteuning/motivering om te slaag.** |
| **Baie swak Druip** | 20 – 29 | Baie min inligting: deurmekaar: nie maklik om na te kyk nie: **min of irrelevante werk/visuele inligting.** Geen poging is aangewend om werk op 'n aanvaarbare wyse aan te bied nie. Algemende gebrek aan betrokkenheid/samewerking. |
| **Onaanvaarbaar Druip** | 00 – 19 | Onsamehangend**: irrelevant, baie min of geen werk**: gebrek aan selfs beperkte vaardighede toegepas. Geen betrokkenheid/samewerking nie. |

# VRAESTEL 1 VISUELE KULTUURSTUDIES
## PAT 7

**Visuele geletterdheidseksamen wat geselekteerde aspekte van die raamwerk-inhoud in die Visuele kuns LPG dek**

**PUNTE: 100**
**TYD: 3 UUR**

**RIGLYNE:**

- Die geskrewe eksamen word opgestel deur die Nasionale Onderwys Departement oor die gekose inhoudonderrig gedurende die jaar. **(‘n Minimum van 6 temas uit 10 temas)**
- Die eksamenformaat sal uit 10 vrae bestaan waaruit die leerders vyf (5) sal kies wat hulle in Grade 11 en 12 bestudeer het. Elke vraag sal 20 punte tel vir ‘n totaal van 100 vir die vraestel.
- Vrae sal uit kort en lang opsteltipe vrae bestaan wisselend tussen 1 en 2 ½ bladsye afhangende van die puntetoekenning.
- Die eksamen word ekstern geassesseer en gemodereer.
- Die eksamen word volgens die Nasionale merk memorandum geassesseer.
- Die leerders moet bekend wees met en in staat wees om konsepte relevant aan Suid-Afrikaanse en Internasionale bewegings toe te pas. Hulle moet ‘n duidelike begrip van tradisionele Internasionale bewegings hê, en die betekenis van terme soos: *weerstandskuns*, *propagandakuns*, *appropriasie*, die “*afgeskeepte tradisie*”, ens.
- Leerders moet bewus gemaak word van problematiese terminologie, kwessies, aannames en vooroordele in verhouding tot die kuns wat hulle bestudeer.
- Gereelde besoeke aan kontemporêre uitstallings word sterk aanbeveel.
- Waar besoeke onmoontlik is (bv. skole in landelike gebiede) moet koerantresensies, internet, groot afdrukke van kunswerke, ens. gereeld gebruik word.
- Daar sal van leerders verwag word om met **ten minste een** onlangse plaaslike uitstalling vertroud te wees.
- Jy as die onderwyser(es) moet ‘n **minimum van ses (6) temas kies wat in die PAT's (2 per kwartaal) geïntegreer moet word**
- Ten minste twee kunstenaars (of argitekte) moet in elke tema bestudeer word met **‘n minimum van twee werke deur elke kunstenaar (of argitek).**
- **LET WEL**: Onderwysers moet hul eie versameling van projekopdragte, klasnotas, verwysingsboeke, katalogiste & tydskrifte, foto’s, skyfies, videos, ens., om waardevolle onderrig en leer ondersteuningsmateriaal vir die teorie-inhoud en praktiese vaardighede vereis deur die nuwe Visuele Kunste-kurrikulum gebruik.
- Die eksamenpaneel het hiervan kennis geneem deur breë vrae op te stel waarin leerders hul kennis op ‘n relevante wyse kan selekteer, hul interpretasies en menings kan staaf deur toegepaste kennis en kennis konstruksie.
- Daar is **baie** aanbevole bronne wat in Visuele Kultuurstudies gebruik kan word.
- Die Visuele Kuns-eksaminatore beveel sterk aan ‘’n wyd beskikbare (nasionale) leeslys vir onderwysers om hulle te help met LU 4 Visuele Kultuurstudies. Hierdie LSTM lys kan in die **PAT-dokument gevind** word.
- Provinsies kan onderwysers help deur die ontwikkeling van bron-onderwyser ondersteunde materiaal vanaf ervare en innoverende onderwysers vir samestelling op ‘n CD en versprei deur die onderwys media departement in die betrokke provinsie.

**<u>VOORGESTELDE VORMS VAN ASSESSERING IN VISUELE KULTUURSTUDIES:</u>**

<u>Assessering kan bestaan uit:</u>

- Informele kort opstelle/refleksies en vrae wat met die praktiese werk verband hou.
- Leesstukstudies van geselekteerde tekste en kommentaar deur kunstenaars/kunshistorici.
- Vraespeletjies
- Visuele begrip van plaaslike kunswerke in gallerye/versamelings.
- Assessering van vaardighede en tegnieke/formele navorsingsopstelle
- Werkboek/joernaalprojekte
- "Teach-backs" en "Power-point"-aanbiedings

**LET WEL: Termyn 4 (Taak 7) sal soos volg wees:**

1. **Praktiese retrospektiewe einde-van-die-jaar-uitstallings plus Bronboek 50 + 50 = 100 punte**
2. **3 uur geskrewe eksamen = 100 punte**
3. **Praktiese eksamen = 100 punte**

Kopiereg voorbehou